



Percheron SA

PERCHERON SA

FORUS-FOCUS



Saamgestel deur C Boshoff

Ek vertrou dit gaan met elkeen van jul besonders goed.

Alhoewel die Genootskap tot dusver hierdie jaar redelik "stil" was het ons 'n baie geslaagde uitstalling by die afgelope Nampo Oesdag gehad. Die hoeveelheid belangstelling wat die Percherons daar geniet het tesame met al die navrae is vir my 'n duidelike teken dat dit noodsaaklik is dat ons die Ras moet ten toonstel by sulke geleenthede.

Ek wil spesial vir Hannes van der Walt en Johan

Henning bedank vir hul onderskeie moeite om elk 'n ingevoerde perd van hul daar uit te gestal het, asook vir Sampie Marais wat betrokke was met die logistieke reëlings van die uitstalruimte.

Ek wil graag almal nooi na die "Wes-Kaap Percheron veiling" wat vanjaar vir die tweede keer onder die vaandel van die Genootskap sal plaasvind op 18 Sept-ember te Mega Park, Bredasdorp.

Alle lede is welkom om perde op die veiling aan te bied.

Die Algemene Jaarvergadering sal op dieselfde dag ook daar plaasvind. Die ideaal sal wees om 'n soortgelyke tipe veiling in Gauteng ook aan te bied, sou daar 'n behoeftie daarvoor wees. Na my mening kan ons dit moontlik laat saamval met die Streeks-kampioenskou in Januarie of saam met die "Horse of the Year" Skou in Februarie 2016 te Kyalami. Jul is welkom om jul gevoel hieroor deur te gee vir die Sekretaris of aan myself.

Baie dankie vir Christi Boshoff en Johan Henning wat gesamentlik die redaksie van hierdie nuusbrief behartig het.

Geniet die Nuusbrief, hopelik voor 'n kaggelvuur met 'n goeie glasie rooiwyn!!

Vriendelike groete

Voorsitter
Johan vd Merwe



JUNIE/ JUNE 2015

Uit die perd se Bek...

The Secretary
Percheron SA
Tel. 0760534103
email sapercheron@gmail.com
percheronsa.co.za

Wes-Kaap Percheron Veiling
Vrydag, 18 September 2015, 13:00
Mega Park, Bredasdorp

Algemene Jaarvergadering
Vrydag, 18 September 2015 Mega Park, Bredasdorp

Streekskampioenskapskou
16 Januarie 2016
Misty Meadows

Nasionale Kampioenskappe
15-21 Februarie 2016
Tydens Horse of the Year,
Kyalami Park Klub
Skoukoördineerder:
Me Desiré vd Hoven
percheronshowing@gmail.com

DNA
-Unistel Animal Services
Tel. 021 9389213
e-pos htheron@sun.ac.za
<http://www.unistelanimalservices.co.za/>

-Veterinary Genetics Laboratory'
Tel. 012 5298240
email vgl@up.ac.za
www.up.ac.za/the-onderstepoort-veterinary-genetics-laboratory

Hoefsmid Dienste, spesialiseer in trekperde.
Karel Swanepoel 082 256 9359

Equine Dentistry
Janco Marais 083 962 1920
jancocomarais@mweb.co.za



Introducing SHU Equine Veterinary Insurance



- Designed to cover unexpected veterinary fees that horses may incur as the result of illness or injury
- There is an excess amount of 15% with a minimum of R1 500 per claim
- R50 000 per annum towards treatments performed in or out of hospital by a registered veterinarian for a premium of R520 per month
- This policy has NO Sub limits; designed to help you & your horse when you need it most
- Veterinary Certificates are NOT required at inception

- There is no cut off age, as long as cover is in place before your horse is 19 years old
- If your horse has been insured for 1 year or longer on a similar medical aid policy, there will be no waiting period
- For new horses, there is no waiting period for accidental injury. There is a 3 month waiting period for illness
- This is a stand-alone policy; you do not have to take a Mortality policy in order to take a SHU policy

EQUIPAGE. BELONG WITH US.

To belong with SA's leading Equine broker, call:
Tel: 087 150 1853 or 083 377 2705 Email: info@equipage.co.za
www.equipage.co.za



Equipage is an authorised Financial Services Provider FSP No. 3860.
SHU Equine Veterinary Insurance is underwritten by Mutual Assurance Company Limited.
Equipage is an authorised Financial Services Provider FSP No.1289.





The neck of a horse is
longest at
medication time.



The soundest horse will
be lame the day you try
to sell him.



If you are in your
jammies, or running
very late, the horse
will NOT be
caught.



If you are picking
out his rear feet,
then it's patty time.



A clean stall will always
be dirty in the morning.

Horsekeeping Truths

Bonnie Jimmings

Skou Showing

"In dressage circles amongst general breed classes, Sebastian seems to be a "glorious sight" in comparison to the average dressage athlete.."

Sebastian is a seven year old gelding from the Mont-Belle stud in Gauteng.

In dressage circles amongst general breed classes, Sebastian seems to be a "glorious sight" in comparison to the average dressage athlete.

Sebastian recently started his career in graded dressage and is doing surprisingly



well with a current average of 62% in Novice classes with almost sufficient points to move to elementary level.

He is a very pleasant ride with a super special temperament that carries him through those tight circles and difficult moves when imagining a draught breed in a dressage test.

(Ridden by Louise Kotze)



Now who could have thought that a Percheron could dance, and that with such elegance...

PERDE in die MARK

Horses for Sale



Summerwind Pegasus
Colt ,Born 3/12/2012
Sire: Elsenburg Mystro ;
Dam: Elsenburg Lora 2de
R50 000 J Henning 0760534103
summerwindstud@gmail.com



Gentle Giant Blaze
Mare ,born 01/01/2005
Sire: Gentle Giant Tom Sawyer
Dam: Gentle Giant Gold
R30 000 P Dommett 0846221227
pete@waterfordfarm.co.za



Mafura Tammy
Merrie, gebore 15/11/2006, 15.1hh
Liefdevolle kinderperd / werksperd, trek
oulik en gemaklik met harnas.
R20 000
Lietha 0825705230



Almarada Cora
Merrie, gebore 12/09/2009, 16.1hh
Vaar, Elsenburg Leroy
Moer Gentle Giant Cordile
R50 000
Karen 0725954029



De Kust Gainsboro
Reunperd, gebore 25/10/2012
Vaar: Gentle Giant Turbine
Moer: Gentle Giant Vintage
R50 000
Lettie la Grange 0498469010, Aberdeen
lettielagrange@gmail.com



Perchmorg Angelique
4 jr, merrie, 16.3hh. Dragtig gesertifiseer van
Tennessy Cauveliere. Trek enkeltuig. Reserwe
kampioen merrie by Streekskampioenskap skou,
Misty Meadows 2014, 2de en 3de plekke
verower by Nasionalekampioenskappe.
- R65 000 Celia 0820800362

PERDE in die MARK

Horses for Sale



Gentle Giant Jemima
Filly
Born 08/10/2012
Sire: Gentle Giant Macho
Dam: Gentle Giant Jenna
R30 000
P Dommett 0846221227
pete@waterfordfarm.co.za



Grootdraai Cleo
Merrie, gebore 13/11/2010 , 15.3hh
Vaar, Elsenburg Leroy
Moer Gentle Giant Cordile
R50 000 Karen 0725954029



Gentle Giant Protest
Colt ,born 31/10/2013, 16hh
Sire: Gentle Giant Considerate
Dam: Gentle Giant Strike 2
R30 000 P Dommett 0846221227



Gentle Giant Enhancer
Colt ,born 17/10/2013, 15.2hh
Sire: Gemini Monty
Dam: Gentle Giant Steroids
R30 000 P Dommett 0846221227



Gentle Giant Symphony
Filly ,born 07/10/2011, 15.2hh
Sire: Gentle Giant Macho
Dam: Gentle Giant Jenna
R30 000 P Dommett 0846221227



Gentle Giant Cadbury
Colt ,born 16/09/2013, 15hh
Sire: Gentle Giant Considerate
Dam: Gentle Giant Nestles
R30 000 P Dommett 0846221227



Mafura Lusa
Merrie, gebore 29/09/2009,16hh
Ryperd, kan ook ingespan word
R25 000 Lietha 0825705230

Vit vergange se dae

Daar is min mense oor wat die tyd onthou toe Percherons nog 'n algemene gesig opveral Bolandse . wingerd- en graanplase was. Van oud tot jonk het gewoonlik verstom gestaan **en kyk as hierdie reusagtige perde 'n taak verrig – voor die ploeg of besig om 'n wa te trek. Selfs munisipaliteite soos dié in Johannesburg en Bloemfontein en in bosbouplantasies het op groot skaal van hulle gebruik gemaak.**

Dit was die hewige ommeswaai vanaf perdekrag tot mekanisasie – voertuie en trekkers – wat in latere jare van hierdie trotse diere 'n rariteit gemaak het. En selfs nou nog, terwyl daar weer 'n oplewing by mense is om Percherons te benut, skiet die gemoed vol as hulle ons laat terugdink na daardie vervloë dae. Na hoe ons pa's en oupas en hul werkmemse met groot sorg hierdie vrywillige werkers vertroetel het van sogtens vroeg tot met sonsaktyd.

Die sukses van hul boerderye is immers in 'n groot mate ook deur die werkrag van hierdie imposante swaargewigte bepaal. Reeds in die laat 1800's is van hierdie reuse-perde in ons land opgemerk – waarskynlik deur spekulante ingevoer. Etwel dekades later (nou net meer as 'n eeu gelede) het die eerste regering ná Uniewording in 1910 sy versiendheid bewys en het die eerste amptelik invouer van swaar trekperde gevolg.

Aanvanklik was dit Clydesdales, Shires en Suffolk Punch-perde en kort daarna die eerste Percherons uit Frankryk. By landbou-staatsinstellings soos Grootfontein, Standerton, Glen en Elsenburg het hulle 'n instelling geword. Dit was nou wel sowat veertig jaar later, maar ek onthou nog

goed hoe my pa – 'n wingerdboer van die Agter-Paarl -- ons gesin teen die middel van die vorige eeu na Elsenburg geneem het om na hierdie mooi diere te gaan kyk. Op ons plaas teen die Perdeberg is 'n Percheronkruising immers ook vir plaaswerk gebruik.

Ook op landbouenstoonstellings soos in die Paarl, op Malmesbury en op die Kaapse Skou in Goodwood het ons ons verwonder aan hierdie diere waarvan die hingste met hul kunstig gevlegte maan- en sterthare kinderogies veral kon laat flikker.

Soos die talle muile en ligte trekperdrasse voor 'n wa in daardie dae die hoogtepunt van 'n Bolandse skou was, het 'n mens ook met groot afwagting uitgesien na die die paradering van die groot Percherons in die hand of ook voor 'n wa. Agt spierwitte voor 'n wa -- soos vinkel en koljander het die een by die ander bymekaar gepas – was 'n gesig wat my altyd sal bybly. Hierdie ou grotes het nou wel nie oor die vlugvoetigheid van die Hanneys en Vlaamse en Friesperde beskik nie, maar die eenvormigheid en statigheid was iets om te aanskou.

Dit was die bloetydvak van die Percheron in ons land. By geleenheid het tot agt spanne van hierdie ras aan die kampioenskappe op Goodwood deelgeneem. Dus, altesame 64 van hierdie pragdiere gelyktydig in die skou-arena! Name soos Histon Hallmark, Histon Landmark en Histon Advocate was op al wat boer is se lippe.



Dit was veral die groot wit perde van Oom JP Hugo van die plaas Salomonsvlei in die Klein Drakenstein wat vanaf 1953 tot in die sestigerjare die toeskouers in groot getalle in vervoering gehad het. Vanaf onder die koeltes in die somerhitte rondom die Pêrelse skougronde was ek as kind beskore om hulle te beleef. Dit was nie die "Walliese Ponies" wat baie jare later in ons land geteel is nie, maar die massiwiteit van die hingste van 'n desydse 2000 pond of meer wat jou na die asem laat snak het.

Salomonsvlei is feitlik teenaan die dorp geleë en die stuk of twintig perde kon in daardie jare sommer padlangs na die ou Parys-skougronde langs die Bergvlier geneem word. Vir verbygangers was dit iets besonders om te sien hoe hierdie imposante diere feitlik in gelid na die skou gelei word. Hierdie parade het hom jaarliks herhaal wanneer die groot kompetisie op die Kaapse Skou gehou is. Dan weer, moes hulle dieselfde roete loop, maar enkele kilometers verder na die Hugenootstasie vanwaar hulle per spoor na Goodwood geneem is.

Nooit weer sal ons hierdie ervaringe beleef nie. Net herinneringe bly nog oor. Al wat ek nog kan doen, is om hierdie reeds vergete ou grotes uit verbygegane jare te salueer. Ook hul eienaars en staljongens wat so getrou en met deernis na hul omgesien en hulle versorg het.

Nampo 2015

Wieet kom inloer...



Nuwe generasie teler, Marlené v Wyk–Mafura Stoet



Desiré vd Hoven –Mont-Belle Stoet




Perfekte vlegwerk



Lucille vd Berg –Wilushca Stoet



Vaillant du Chalus –Summerwind Stud



Klaas v Wyk –Mafura Stoet

Kom maak 'n draai in 2016



Lykens Vally Cayla –Sterkfontein Percheron Stoet

Nuus van ons Telers

News from the Breeders



Elsenburg spog met drie pragtige vullens by die Franse hings Tennessy Cauvelliere by van hulle beste merries, Elsenburg Montana, Elsenburg Mildred en Elsenburg Mavis.



Sebastian van Mont-Belle Stoet, hard aan die oefen

